Boeke vir die Seisoen van Luister

Geagte kollegas

Die NG Kerk is in 'n Seisoen van Luister. Ons wil as luisterende kerk voor God lewe (Sag 8:23). Daarom wil ons 'n ruimte skep waarbinne ons saam God se wil vir sy kerk hoor en leef. Ons wil graag hê dat mense:

- vreugde in die Woord van God vind (Ps 1:2–3),
- in liefde na mekaar luister (Kol 3:12–16),
- met deernis luister na die wêreld (Fil 1:9-10) en
- met begrip doelgerig diensbaar leef in 'n veranderende wêreld (Luk 4:18-19).

As Gereformeerdes luister ons met die volgende waardes (sien logos langsaan):

- 'n leerbare gesindheid,
- vertroue,
- deernis en
- openheid.

Ons is besig om 'n hele aantal nuwe bronne vir die Seisoen van Luister te ontwikkel vir die tweede helfte van 2006. Ons werk onder andere aan:

- Verhale van luister in die Bybel;
- Hoe praat God deur Woord en Gees?
- 'n Luistersiklus vir 'n gespreksboekie (tans in 'n loodsingsfase in 100 gemeentes reg oor Suid-Afrika en Namibië);
- 'n Geestelike begeleidingskursus;
- Geloofsonderskeidingsmodelle;
- Verhale van luister in die geskiedenis.

Daar is egter talle bestaande bronne wat reeds nou al as hulpmiddels gebruik kan word. Ons gee hiermee 'n kort boekelys van 30 wat jy kan gebruik om sekere luistervaardighede in jou gemeente in te oefen:

- 1) Skrifhantering, 2) Saam luister, 3) Grens-ervarings, 4) Besluitnemingsprosesse en 5) Geestelike dissiplines.

Ons moedig jou aan om ook jou gemeente in 'n paar fokusareas te begelei:

- 1) Godsbelydenis: Wie is God? 2) Die identiteit van die kerk: Wie is ons? 3) Konteks: Waar is ons? Wat gebeur rondom ons? 4) Roeping: Waartoe roep die Here ons?

Op die webtuiste ***http://www.gemeentes.co.za*** is daar nog 'n ekstra 80 boeke wat met dié temas verband hou. Maak 'n draai, lewer kommentaar en laat weet vir ons van ander bronne wat jy graag sou wou voorstel vir gebruik in gemeentes.

Chris van Wyk
Gemeentedienste Netwerk
0861gemeentes (0861436336 of 041 5836438)
chris@gemeentes.co.za

Bestaande bronne

Luistervaardighede

Skrifhantering

Hoe lees ons die Bybel?

'n Soeklig op die rol van die Woord en hoe om dit te vertolk in hedendaagse tye. Jan van der Watt, Stephan Joubert, Jan du Randt en Piet Naudé

CUM - Laai die hoofstuk af by http://www.gemeentes.co.za/Hoe_lees_ons_die_Bybel.pdf

Die boek help lesers om met die regte verstaansraamwerk te luister na die teks van die Bybel. Die rol wat die tydsgees en die kerkleer speel in die verstaan van die Bybel word baie prakties aangespreek. Deel B, hfst 2 het 5 reëls vir en 8 oefeninge in 'n "verantwoordelike praat vanuit die Bybel" wat deur groepe gebruik kan word. Die reëls is: 1a) "Begin op die regte plek lees", 1b) "Begin altyd by die begin en eindig by die einde", 2) "God praat in paragrawe, hoofstukke en boeke", 3) "Bemeester die kuns van storieverstaan", 4) "Daar is progressie in God se reddingsverhale", 5) "Sit jou eie kaarte eerlik op die tafel". Oefeninge sluit in: 'n lees van die 4 evangelies, Jona, Genesis en dele uit Kolossense, Hebreërs, Galasiërs, Romeine en 1&2 Korintiërs. Dié deel kan nou met die komplimente van CUM elektronies afgelaai word vir groepstudie, aangesien die boek uit druk is.

Hoe verstaan ons wat ons lees?

'n Dink- en werkboek oor die hermeneutiek vir predikers en studente. Dirkie Smit

NGK Uitgewers - Weer beskikbaar Julie 2006 by Lux Verbi.BM

Om reg na die Bybel te kan luister, word in die boek in 6 stappe verduidelik. Agtereenvolgens word gekyk na 1) die wêreld agter die teks, 2) die teks self, 3) hoe daar deur die geskiedenis na die teks geluister is, 4) die rol van kritiese navorsing, 5) die wyse waarop gesprek oor die teks gevoer kan word en 6) die konteks waarbinne dit gelees word. Aan die einde van die boek is riglyne vir gedagtes vir verdere bepeinsing en vrae vir bespreking in groepe.

Saam Luister

Beyond Expression

Approaching the Divine - on spiritual guidance for and by pastors. Gideon van Dam

Algemene Sinode - R30 - Bestel by Jan 0828074526 of biskop@mweb.co.za

Gideon skryf in twee dele oor geestelike begeleiding. In deel I reflekteer hy oor die spiritualiteit van die pastor binne 'n teologiese raamwerk wat aansluit by verskillende tradisies en praktyke deur die eeue. In deel II reflekteer hy oor verskillende modelle van geestelike begeleiding en die lesse wat hy uit sy eie ervaring van geestelike begeleiding geleer het. 'n Goeie oriëntasie vir predikante wat met dié prosesse wil begin.

Active spirituality

A guide for seekers and ministries. Kent Ira Groff.

Alban $15 - Bestel by BUVTON (021 8083381 of snaude@sun.ac.za) - R120 plus posgeld afhangende van die wisselkoers

'n Praktiese gids tot die geestelike lewe. Groff gee 'n uitstekende sistematiese raamwerk vir die geestelike dissiplines uit 'n Presbiteriaanse hoek. Vyf daarvan word in die boek behandel: gemeenskap, stilte, studie, diens en roeping. Daardeur integreer hy spiritualiteit en diens, kop en hart en verskillende geloofstradisies. 'n Uitstekende boek vir kleingroepe wat dieper wil delf. Die hulpmiddels kan ook by http://www/alban.org afgelaai word.

Luistervaardighede

Listening to God

Spiritual Formation in Congregations. John Ackerman

Alban $14 - Bestel by BUVTON (021 8083381 of snaude@sun.ac.za) - R170 plus posgeld afhangende van die wisselkoers.

John Ackerman skryf oor die behoefte wat mense vandag het om eerder God te ken as om net oor Hom te dink. John praat uit 'n pastorale ervaring van 40 jaar en gee riglyne hoe gemeentes lidmate geestelik kan begelei tot groter intimiteit met God. Hy integreer denke oor die gemeente as groter sisteem met riglyne oor die wyse waarop individue en kleingroepe beter te reg kan kom in die liggaam van Christus. Hy bied twee basiese vier-stap modelle en baie hulpmiddels wat 'n omvattende proses van "Luister na God" deel van die hele gemeente se ervaring kan laat word. 'n Uitstekende boek uit die Presbiteriaanse tradisie. Lees dit saam met jou leiersgroep! Die hulpmiddels kan ook by http://www/alban.org afgelaai word.

Grens-ervarings

Platgeslaan, opgestaan

Verhale van hoe mense met God se genade kan saamwerk. Christina Landman

Lux Verbi.BM - R99.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=1332&cid=16

Hier is 'n selfhelpboek deur 'n gesoute Christelike berader wat teen 'n sakpasprys professionele raad bied. Talle tipiese probleemsituasies waarin enige mens enige tyd kan beland, word in aangrypende verhaalvorm geskets; daarna word gepaste beradingstegnieke oor hoe om uit so 'n benarde posisie op te staan, in die vorm van 'n 'terapie-sessie' voorgestel. Die laaste deel van elke hoofstuk vertel hoe die betrokke persone toe self - binne die ligkring van God se genade - opgestaan het om weer sin te maak uit die lewe. Hier is 55 merkwaardige verhale van mense wat deur flaters, verliese of ander terugslae platgeslaan is, maar wat weer opstaan en heel word.

Besluitnemingsprosesse

Ek soek ... die wil van God

Nico Simpson

Lux Verbi.BM - R39.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=327&cid=10

Jy wil uitvind wat God se wil vir jou lewe is. Aan die hand van 'n eietydse verhaal word jy deur drie stappe geleer om juis dit vir jou lewe te ontdek sodat jy uiteindelik God se wil vir jou lewe kan ken, dit kan uitleef en aan ander kan deurgee. Die drie stappe is: Oorgawe, Opbouende gesprekke en die Oorskryf van jou Storie.

Meetings that Matter

Leadership, spirituality and discernment in congregations. Arnold Smit

Lux Verbi.BM - R39.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=129&cid=41

Arnold help kerkrade om 4 veranderings aan te bring in hulle byeenkomste. Hy help hulle om te beweeg van: 1) 'n agenda na 'n liturgie, 2) 'n wen van debatte na geloofsonderskeiding, 3) van outoritêre voorskriftelikheid na 'n inklusiewe sistemiese dialoog en 4) 'n amptelike godsdiens na 'n geestelike begeleiding.

Holy Conversations

Strategic Planning as a spiritual practice for congregations. Rendl & Mann

Alban - $25 - Bestel by BUVTON (021 8083381 of snaude@sun.ac.za) - R178 plus posgeld afhangende van die wisselkoers

Prosesse van beplanning in gemeentes kan baie tegnies en probleemoplossend voorkom. Gil en Alice stel daarom 'n "heilige gesprek" voor waarin gemeentes aan die hand van drie vrae geloofsonderskeidend te werk kan gaan: 1) Wie is ons? 2) Waartoe het God ons geroep om te wees of te doen? 3) Wie is ons naaste? 'n Wye reeks idees, prosesse en hulpmiddels word aan gemeentes gebied waaruit gemeentes dié kan kies wat die beste in hulle behoeftes voorsien. Van die hulpmiddels kan ook by http://www/alban.org afgelaai word.

Luistervaardighede

Geestelike Dissiplines

Gebed van die hart

Word stil en beleef God. Willem Nicol

Lux Verbi.BM - R79.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=297&cid=31

'n Boek wat die leser saam neem en inoefen in Christelike stilword en luister. Leer om, by malende gedagtes verby, stil te luister na God se Woord, en om werklik te rus in God, waar jy volledig fokus op Hóm en sy liefdevolle teenwoordigheid in jou wat jou gebedslewe verryk, jou Bybelstudie verdiep en jou gelooflewe 'n avontuur maak waar God jou omvorm.

Celebrating the Disciplines

The essential companion to Celebration of Discipline. Richard Foster en Kathryn Yanni

Hodder & Stoughton. Beskikbaar by CUM boekwinkels R99.95 .

'n Praktiese gids om die geestelike dissiplines in 'n tydperk van 1 jaar in te oefen. Die dissiplines is: meditasie, gebed, vas, studie, eenvoud, stilte, onderdanigheid, diens, belydenis, aanbidding, leiding, feesviering.

Gebed

Om naby God te leef. Hanekom, B, W Burger, D Dreyer, C Jones & J Woest

Lux Verbi.BM - R49.95 -http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=1424&cid=31

In 'n tyd waarin gelowiges gemobiliseer word om met groter erns te bid, bied hierdie boek 35 waardevolle perspektiewe en riglyne aangevul deur dissiplines wat lei tot groter effektiwiteit en opregtheid.

Fokusareas

Godsbelydenis: Wie is God?

Vernuwe! - na die beeld van ons Skepper

Wat Christene bely oor God die Skepper. Dirkie Smit

Lux Verbi.BM - R52.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=179&cid=10

'n Inspirerende besinning uit die Geloofsbelydenis van Nicéa oor wat Christene bely oor die Skepper: Hy is één, Hy het alles geskep en Hy is ons Vader. Om die Skepper te sien, moet ons nie na die skepping kyk nie, maar na Jesus Christus. En ons sien Jesus vandag nog deur die Heilige Gees. Gebruik vir preekstof of besprekings-groepe.

Lig uit lig

Wat Christene bely oor Jesus Christus Dirkie Smit

Lux Verbi.BM - R52.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=115&cid=16

Gelowiges voel dalk oorbekend met wat die kerk oor Jesus Christus leer. Dirkie Smit werk stelselmatig en met verhelderende insig deur alles wat die Geloofsbelydenis van Nicéa sê oor die Seun. Die varsheid en onopge-smuktheid in hierdie boek vervul 'n mens opnuut met verwondering en opgewondenheid oor basiese geloofswaarhede. Gebruik vir preekstof of besprekingsgroepe.

Wat Here is en lewend maak

Wat Christen bely oor die Heilige Gees Dirkie Smit

Lux Verbi.BM - R39.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=160&cid=16

Die titel 'Wat Here is en lewend maak' verwys na die twee hoofkenmerke van die Gees: Hy is óók HERE, en in situasies van doodsheid gee Hy LEWE. Die boek verduidelik glashelder wat Christene deur die eeue van die Heilige Gees geglo het en vandag steeds van Hom kan verwag. Smit gebruik hiervoor die minder bekende Geloofsbelydenis van Nicéa (4de eeu n.C.) en vertel so mooi dat lesers nie anders kan as om nuwe waardering, nee, verwondering vir die werk en Persoon van die Gees te ontwikkel nie. Deel van die oortuigingskrag van hierdie klein handleiding oor die Heilige Gees is dat dit so duidelik die skrywer se eie belydenis is van wat hy self glo. Gebruik vir preekstof of besprekingsgroepe.

God se verhaal in 'n neutedop

Leslie Newbigin

Lux Verbi.BM - R39.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=134&cid=21

Die geliefde Engelse sendeling en hoogaangeskrewe sendingwetenskaplike Lesslie Newbigin is eendag gevra om God se verhaal = die Bybelverhaal, as 'n eenvoudige, deurlopende vertelling vir lede van 'n Bybelskool oor te vertel. Gebruik vir 'n oriëntasie van leiers of vir 'n besprekingsgroep.

Sprakeloos oor God

'Hoe bly ek glo in 'n vreemde wêreld? Ben du Toit

Lux Verbi.BM - R99.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=1342&cid=16

Hoe bly 'n mens glo as jou omstandighede dit vir jou onmoontlik maak om God raak te sien? En waar is die profete wat ons behoort te help om te bly glo, al is die wêreld so vreemd? Ben du Toit verstaan die frustrasie van stukkende, verwaarloosde, verwarde mense besonder goed. Sprakeloos oor God beskryf aan die een kant die emosie van die ervaring van die afwesigheid van God onder die skerp en genadelose lig van die sin-vrae van die lewe. Maar Sprakeloos oor God beskryf die oorweldigende ervaring, dikwels onverwags en verrassend, van die teenwoordigheid van God, die onbeskryflike gevoel wanneer die genade van God jou oorweldig. Dit is dan ook die doel van hierdie boek: om mense verder te neem op hierdie pad – die pad van geloof in die God van die skepping, die God van die Bybel in óns tyd – wat ons dikwels sprakeloos laat van verwondering. Gebruik vir groepe wat dieper wil delf.

Fokusareas

Ons weet aan wie ons behoort

Nuut gedink oor ons gereformeerde tradisie Coenie Burger

Lux Verbi.BM - R52.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=235&cid=16

Om 'gereformeerd' te wees, is tans by talle predikante en lidmate in diskrediet. Die Afrikaanse kerke se gereformeerdheid kry dikwels ook die skuld vir die foute wat die Afrikaanse kerke in die verlede gemaak het.
Coenie Burger - 'n Praktiese Teoloog wat deeglik rekening hou met die vernuwing in talle NG gemeentes; wat weet hoe mense kla oor die 'koudheid' in gereformeerde kerke, en van hul soeke na emosie en geborgenheid,
antwoord op hierdie gevoelens met 'n van-hart-tot-hart-gesprek met die leser. Hy erken die ongemak wat daar by baie mense bestaan oor bv. die leer van die uitverkiesing, die erfsonde, die 'totale verdorwenheid' van die mense. Hy antwoord met deernis daarop en gaan voort om die absoluut troosvolle inhoud van die korrekte gereformeerde leer so te verduidelik dat enigeen dit kan verstaan ... en waardeer. Hy teken ook 'n splinternuwe prentjie van die 'brose mens' Johannes Calvyn, die groot Hervormer, wat tradisioneel as 'n stugge, humorlose akademikus en teoloog gesien word. Dit verklaar o.a. waarom sekerheid van God se genade so 'n deurslaggewende rol speel in die gereformeerde tradisie. Gebruik vir groepe wat dieper wil delf.

Drie maal een is een

'n Besinning oor God vandag. Piet Naudé

CUM - R89.95 - http://www.cum.co.za/pebble.asp?relid=72282&t=63

'n Diepgaande boek wat in hoofsaak gaan oor ons fokus op God, die Bybel as biblioteek van God, en die kerk as venster op God. Kom lees meer oor hoe "prente van God" daagliks in ons lewe gevorm word, en lees ook vanuit 'n teologiese oogpunt meer oor grondhervorming, die WVK en vigs. Hierdie is 'n lees-moet oor aktuele en relevante onderwerpe wat die hendendaagse gelowige diep sal raak. Gebruik vir preekstof of vir 'n besprekingsgroep.

Geesgedrewe Gelowiges

Terug na die grondbeginsels van jou geloof Piet Naudé

Lux Verbi.BM - R79.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=1336&cid=16

Piet Naudé praat padlangs met individue én gemeentes wat darem nog glo, maar vir wie dit voel of hulle eie geestelike of gemeentelike lewe vaal en flou en vuur-loos geword het. Wat was dan so anders aan die eerste Christene? Kan ons dit vandag weer hê? Hier is geen kitsantwoorde nie, maar inspirerende en uitvoerbare suggesties vir verandering en vernuwing - in eg Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie gesoute skrywer wat ingewikkelde dinge op 'n eenvoudige manier verstaanbaar kan maak, help gelowiges weer op die basiese dinge fokus: 'n luister na God in die Bybel, om priesters vir mekaar en die wêreld te wees, om gebed in sy ereplek te herstel en op aktiewe diens. Gebruik vir preekstof of besprekingsgroepe.

Die identiteit van die kerk: Wie is ons?

Draers van die waarheid

Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente Coenie Burger & Ian Nell (red)

Bestel by BUVTON (021 8083381 of snaude@sun.ac.za) R70

Hoe lees ons die Nuwe Testament as verhaal van die kerk? Die veelvoud van stemme van al die Nuwe Testament boeke word deur 'n 20-tal teoloë gebruik om dié verhaal te vertel. Die visie van gemeentes as "draers van die waarheid" gee 'n uitstekende geheeloorsig oor die kerk in die Nuwe Testament. Dit word aangevul met 'n gespreksreeks (12 studies) waarin gemeentes gehelp word om die insigte in die praktyk te gaan beoefen. 'n Bondige verduideliking van 19 ander sentrale temas uit die Nuwe Testament word aan die einde gegee. Voorwaar 'n boek waarsonder 'n mens nie kan wees nie!

Fokusareas

Gemeentes in die kragveld van die Gees

oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus
Coenie Burger

Bestel by BUVTON (021 8083381 of snaude@sun.ac.za) R80

Die boek handel oor die kerk - in sy gemeentelike gestalte. Vier teologiese vrae oor gemeentes word aan die orde gestel wat in groepe bespreek kan word: 1) Is die visie van die kerk waarmee ons in gemeentes werk Bybels-verantwoord? 2) Is die bedieningteorie wat dít beliggaam Bybels-verantwoord? 3) Is die maatstawwe waarmee ons die werk in gemeentes weeg werklik Bybelse maatstawwe en 4) Is ons vernuwingsplanne werklik Bybels en teologies verantwoord? Gebruik vir eie oriëntering of vir 'n leiersgroep wat dieper wil lees en dink oor gemeentes.

Konteks: Waar is ons? Wat gebeur rondom ons?

Christen in 'n land van baie godsdienste

Piet Meiring

Lux Verbi.BM - R52.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=1412&cid=41

Christene het deesdae meer kontak as ooit met aanhangers van ander godsdienste. Wat glo hierdie mense in breë trekke, en hoe kan ons met liefde en begrip na hulle uitreik? Deur 'n fiktiewe besoek aan ons 'geloofsbure' vind ons uit wat ons geloof anders maak en hoe 'n Christen hierdie uniekheid hanteer. Gebruik vir oriëntering of 'n besprekingsgroep.

Listening to our world

Eddie Gibbs

Laai dit af by http://www.kerkweb.org/leerweb/artikel.asp?aid=40

Eddie se aanbieding by die Algemene Predikantebyeenkoms van 2005 help gelowiges verstaan dat God net reg gehoor kan word as ook geluister word na stemme vanuit ons eie konteks. Die effek van die post-Christendom en post-modernistiese tendense op ons wêreldbeeld word verreken. Gebruik vir oriëntering of 'n besprekingsgroep.

Ontluisterde Wêreld

Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid-Afrika Jaap du Randt

Lux Verbi.BM - R52.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=230&cid=10

Jaap skryf oor die ontwikkeling van die geestesingesteldheid in die Afrikaanse kerke, en hoe sekularisasie en die transformasie van die samelewing hierdie kerke raak. Hy stel 'n tweeledige transformasie van die kerk voor: 1) rondom belydenis en Woord 2) rondom missionêre diens in die wêreld. Gebruik vir oriëntering of 'n besprekingsgroep.

Waar die kerk werk

Verhale van verandering waar gelowiges hulle roeping uitleef
Coenie Burger, Lieze Meiring, André van Neikerk, Cas Wepener (samestellers)

Lux Verbi.BM - R99.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=1412&cid=41

"Gemeentes wat "werk" is nie noodwendig suksesvol nie, maar lewer 'n bydrae op kritieke lewensterreine, want liefdeswerke is die logiese uitvloeisel van ware geloof. Elke hoofstuk is geskryf deur mense met ervaring van of kundigheid oor die betrokke lewensterrein wat daarin bespreek word. Gevolglik is hier betroubare inligting asook 'n lekker afwisseling van skryfstyle. Die inhoud is treffend en besonder relevant.

Die opskrifte van die agt hoofstukke is: "Waar die kerk werk" ... bly gelowiges op God gerig; ... bou gelowiges aan moraliteit; ... bemagtig gelowiges mense; ... help bekamp gelowiges armoede; ... bestry gelowiges misdaad; ... is gelowiges betrokke by MIV en vigs; ... bevorder gelowiges versoening; ... begryp gelowiges hulle roeping. Elke hoofstuk word afgesluit met inspirerende gevallestudies van gelowiges wat 'n verskil maak, meestal oorvertel in hulle eie woorde. 'n Uitstekende lys van hulpmiddels vir gemeentes is in 'n bylae tot die boek opgeneem.

Fokusareas

Raak betrokke by armoede

'n Handleiding vir gemeentes en kleingroepe Johannes Erasmus

Lux Verbi.BM - R52.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=214&cid=41

n Tydige publikasie vir Christene uit 'n Bybelse perspektief oor 'n dringende onderwerp. Hierdie wenke oor hoe om georganiseerd en daadwerklik te help, is gewortel in die werklikheid en dure ondervinding. Groepe en gemeentes voel dikwels magteloos voor die probleem van armoede, maar te sterk aangeraak om tou op te gooi. Vind onder meer uit hoe om arm mense en armoede te benader, behoeftes te bepaal, projekte te bedryf en met wie om rekening te bou.

MIV/vigs - ons grootste uitdaging nóg!

Die pad vorentoe vir die kerk in Suid-Afrika Sam Pick

Lux Verbi.BM - R59.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=353&cid=12

'n Noodsaaklike boek oor vigs in Suid-Afrika en die rol en taak van die Christen en kerk daarin. Die kerk van Christus MOET betrokke raak by die veldtog teen vigs , dit is die sentrale boodskap van hierdie boek. Aspekte wat gedek word, is: wetenskaplik-mediese feite, omvang in SA, impak op ekonomie, vigs en armoede, vigs in sosio-ekonomiese en kulturele konteks, trefkrag op die gesin en die vrou, ouer mense en die pandemie, voorkoming, veilige praktyke, die teologiese perspektief, die etiese perspektief, seksuele onthouding en die rol van kondome, die pastorale taak van die kerk.

Roeping: Waartoe roep die Here ons?

Ontmoetings met die lewende God

Hoe die Here mense roep, nuut maak – en stuur Coenie Burger

Lux Verbi.BM - R89.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=1340&cid=58

Van die aangrypendste Bybelverhale gaan oor die roeping van mense, en hoe hulle daarop reageer. Wie sy/haar roeping wil hoor en dit voor die Here wil leef, besef: 'n Bewustheid van die Here se teenwoordigheid en werk maak al die verskil. Dit maak van 'n opdrag 'n genadevoorreg en 'n geleentheid. Die boek gaan binnekort aangevul word met 'n DVD vir groepgesprekke. Moet dit nie misloop nie!

Riglyne vir prediking oor Christelike Roeping

Riglyne vir prediking oor Christelike Roeping Coenie Burger (red)

Lux Verbi.BM - R129.95 - http://www.luxverbi-bm.com/product_detail.asp?pid=556&cid=38

Ons leef in 'n oorgangstyd van groot sosiale en kulturele veranderings. Mense vra na die sin en betekenis van hulle bestaan. Meer nog: Wat verwag God in 'n tyd soos hierdie van sy dissipels, van sy liggaam, van sy kerk?

Die 17-tal preekhulpe in die bundel probeer hierdie vrae uit verskillende hoeke beantwoord. Sake soos 'visie', 'taak', 'rol' en 'funksie' kom ter sprake. Dit is 'n rigtinggewende kategorie wat gemeentes, kerke en indiwidue help om God se opdrag en sending vir die Christendom in ons tyd geloofsgetrou waar te maak. Hierdie visie, hierdie soeke na 'n eietydse identiteit en roeping moet gevoed word deur te luister na die tekswoorde, metafore en verhale van die Skrif. Dit gee vernuwende krag tot transformasie van die wêreld waarin die Woord gehoor word.